# Het Jan Marais Fonds

# Manuskripte

US Argief, Krotoa-gebou

argief@sun.ac.za, Tel: 021 808 2314

# Inhoud

**INLEIDING** .......... **1**

**MANUSKRIPTE** .......... **2**

1. Korrespondensie / Correspondence .......... 2

2. Notules van Vergaderings/ Minutes of Meetings .......... 2

3. Finansiële Aangeleenthede / Financial Matters .......... 3

4. Verwante Hulpbronne/ Related Resources .......... 4

5. Foto's / Images .......... 5

# Inleiding

Johannes Henoch (Jannie) Marais is in 1851 op die plaas Coetzenburg aan die Eersterivier gebore. Hy studeer aan die Stellenbosche Gimnasium, die voorloper van die Victoria Kollege, en ontwikkel 'n groot liefde vir die opvoedkunde. Op 19-jarige ouderdom begeef hy hom na die diamantvelde en verkry uiteindelik 'n groot aandeel in die De Beers Consolidated Diamond Mines. In 1891 keer hy na Coetzenburg terug en vestig hy hom as boer en sakeman. Hy dien op verskeie direksies en ander liggame en word in 1910 Stellenbosch se eerste Lid van die Volksraad in die Unie-Parlement.

Sy liefde vir die hoër onderwys kom tot uiting in medaljes wat hy aan studente van die Victoria Kollege skenk vir prestasies in Hollands, 'n toekenning wat later in beurse en nog later in 'n leningfonds omskep word. Hierbenewens gee hy ook die nodige geld vir die oprigting van die Fisika-gebou (waar die HB Thom-teater vandag is), terwyl een van sy broers die geld skenk vir die oprigting van die CL Marais-biblioteek.

Die ontstaan van die Nasionale Pers en sy eerste publikasie, De Burger, sou waarskynlik ook nie moontlike gewees het as dit nie vir Jannie Marais was wat as indiwidu 'n bedrag van £5 000 geskenk het vir die stigting van 'n nasionaalgesinde Afrikaanse koerant nie.

Toe Jannie Marais in 1915 sterf, bemaak hy duisende ponde (waarvan £100 000 aan die Universiteit van Stellenbosch) vir die totstandkoming van die Het Jan Marais Fonds, aan die Munisipaliteit vir die bou van 'n stadsaal en vir die inrig van 'n park, aan die NG Kerk van Stellenbosch, aan die Kweekskool en aan die Instituut vir Blindes te Worcester. In totaal bemaak hy aan die dorp Stellenbosch en aan die US 'n bedrag van £187 000 – in vandag (2001) se terme ongeveer R32 miljoen.

Oor die jare heen het die Fonds ook aan die US groot bydraes gelewer by wyse van beurse en lenings aan studente, lenings vir die oprigting en meubelering van koshuise, die totstandkoming van die fakulteite Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe en vir die aanvulling van salarisse. Die Fonds het ook een van die grootste aandeelhouers van Nasionale Pers geword en het 'n verskeidenheid liefdadigheidsinisiatiewe, die meeste hiervan in Stellenbosch, gesteun. Dit alles illustreer dat Jannie Marais Stellenbosch se grootste weldoener was en steeds bly.

(*Uittreksel uit 'n toespraak gelewer deur Prof Mike de Vries by die Konvokasievergadering van 15 November 2001.)*

# MANUSKRIPTE

## 1. Korrespondensie / Correspondence

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Het Jan Marais Fonds Korrespondensie<br>*Korrespondensie rakende verbande deur Het Jan Marais Fonds toegestaan, uitbreiding van beleggingsbeleid en skenkings van Het Jan Marais Fonds aan die Universiteit Stellenbosch* | 1979 - 1996; |
| 1.2 | Beleggings Korrespondensie | 1999 |
| 1.3 | Korrespondensie<br>*Uittreksel uit Testament; Lys van Trustees; Hofaansoek en -bevele; Benoeming van Trustees;* | 1968 - 1993; 1997 - 2002; 1996 - 1997; 1967 - 2002 |
| 1.4 | Korrespondensie<br>*Lenings, Inkomste State, Belasting sertifikate, Vaste Deposito Sertifikate ens.* | 1952 - 2006 |

## 2. Notules van Vergaderings/ Minutes of Meetings

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Eerste Notuleboek van die vergaderingen van die Trustees van die Jan Marais Fonds ten voordele van die Viktoria Kollege | 1915 – 1981 |
| 2.2 | Notuleboek van die Finansiële Kommissie van Het Jan Marais Fonds | 1921 - 1968 |
| 2.3 | Trusteevergadering | 1980 – 1999 |
| 2.3 | Het Jan Marais Finansiële Komitee Notule | 1986 - 2003 |



SU Archives | US Argief, R1030, Krotoa Building, Victoria Street | K1030, Krotoagebou, Victoriastraat
Stellenbosch | South Africa | Suid-Afrika, Tel: 021 808 2314

## 3. Finansiële Aangeleenthede / Financial Matters

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Finansiële Dokumente<br>Ingesluit by hierdie dokumente is belastingsertifikate van skenkings, Beleggingsverslae, Finansiële State, Skuldbewyse | 1955 - |
| 3.2 | Het Jan Marais Fonds Ledger | 1916 – 1961 |
| 3.3 | Het Jan Marais Fonds Journal | 1916 – 1968 |
| 3.4 | Skuldbewyse<br>Lenings deur US vanaf Het Jan Marais Fonds vir bv Huis Ten Bosch, John Murray Huis se kombuis, Huis van Niekerk ens. | 1926 - 1949 |
| 3.5 | Het Jan Marais Fonds Cashbook | 1934 – 1947 |
| 3.6 | Finansiële State | 1955 – 1979 |
| 3.7 | Het Jan Marais Fonds Ledger<br>*Bevat indeks* | 1962- 1966 |
| 3.8 | Het Jan Marais Fonds Analyses book | 1966 - 1996 |
| 3.9 | Het Jan Marais Fonds Ledger | 1967 - 1996 |
| 3.10 | Het Jan Marais Fonds Journal | 1968 - 1996 |
| 3.11 | Het Jan Marais Fonds Kwitansieboeke | 1971 - 1991 |
| 3.12 | Belastingsertifikate van skenkings | 1987 - 1997 |
| 3.13 | Beleggingsverslae | 1997 - 1998 |
| 3.14 | Het Jan Marais Fonds Cashbook | 1947 - 1966 |

## 4. Verwante Hulpbronne/ Related Resources

| | | |
|---|---|---|
| | Uiterste Wil en Testament van J.H. Marais<br>*Kopie van oorspronklike* | 1915 |
| 10/4 | Jan Marais Gedenkteken<br>*Bevat korrespondensie rakende die gedenkteken, foto's van Coert Steynberg by 'n model van die gedenkbeeld, program vir onthulling van beeld ens.* | 1941 – 1950 |
| | CD met geskandeerde weergawes van die Notuleboek, 1915 – 1981<br>*Geskep deur Robbie Reynecke, 30 September 2001* | 1915 - 1981 |
| | Die Universiteit en die Eikestad se grootste weldoener" Stellenbosch moet haar "rechterhand" onthou<br>*Toespraak gelewer deur Prof Mike de Vries by Konvokasievergadering, 15 November 2011* | 15 Nov 2011 |
| | Nalatenskappe sonder einde: die verhaal van Jannie Marais en die Marais-broers / Kapp, P.H., 2015<br>*Stellenbosch University Library, Lower Level; 361.74092 MAR* | 2015 |
| | [H.B. Thom Collection]<br>*Beskikbaar by US Biblioteek Dokumentesentrum (MS 191)* | |

## 5. Foto's / Images

| | | |
|---|---|---|
| | Klein swart en wit foto van Jannie Marais standbeeld op Rooiplein<br>*Jan Marais Plein, Gedrukte Foto's – Geboue, 1033-4c* | |
| | Jannie Marais - glasnegatief van portretfoto van Jannie Marais, moontlik vergroot vanaf 'n groepfoto<br>*Jan Marais Plein, Gedrukte Foto's – Geboue, 1033-4c* | |
| | Studente voor J.H. Marais standbeeld<br>*Jan Marais Plein, Gedrukte Foto's – Geboue, 1033-4c* | c.1970 |
| | Jan Marais Physical Laboratory<br>*Geboue (5), Gedrukte Foto's – Geboue, 1033-4c* | 1898 |
| | Jannie Marais-huis<br>*Coetzenburg Sportkantoor, Gedrukte Foto's – Geboue, 1033-4c* | |



SU Archives | US Argief, R1030, Krotoa Building, Victoria Street | K1030, Krotoagebou, Victoriastraat
Stellenbosch | South Africa | Suid-Afrika, Tel: 021 808 2314